Droom vir Wellington
Dankie

30 November 2012

Elize Potgieter
Just Trees
Noorder Paarl

Beste Elize

Hiermee ‘n baie groot uit die hart uit dankie vir die 3x 110L Rhus lancea “Karee” bome wat julle vir ons geskenk het. Die boomplanting was deel van die projek waar ons met Droom vir Wellington, inwoners aanmoedig om saam met die munisipaliteit te werk en eienaarskap te neem van hulle omgewing. Drakenstein munisipaliteit het ons gehelp met die vervoer van die bome, die grou en voorbereiding van die gate en nog sewe kleiner bome geskenk, so ons kon in totaal tien bome in die park plant. Die bome is geplant deur die inwoners wat om die park woon en van die kinders wat die park gebruik. Die inwoners was so entosiasties dat elke boom nou iemand spesifiek het wat vir die versorging verantwoordelik is!

Sederdien het ‘n groep tieners self die speelapparaat geverf, ‘n voetpaadjie is aangelê en net vandag het Sakkie van die munisipaliteit ‘n bankie onder een van die ouer bome aangebring. Die bome wat julle vir ons geskenk het was dus die begin van veel meer! Nogmaals baie dankie.

Groete
Linda, Mattie en Anthea
Koordineerders
Droom vir Wellington

So leer ons die kleinspan van omgee vir die natuur. Die tieners is ‘n voorbeeld vir almal.

Oom Bennie en ‘n jong seun. Oud en jonk plant saam bome vir die toekoms.

Sakkie ons regterhand by die munisipaliteit.

Speelrame word geverf onder die wakende oog van Oom Allies.

Die voetpaadjie word aangelê